# CHRISTENE IS MENSE MET INTEGRITEIT

– Spreuke 26:22-28 (:23-26); Handelinge 5:1-6

SA het Donderdag ‘n nuwe waarnemende President gekry. Watter eienskap sal jy die graagste by hom wil sien? …
Persoonlik sal ek graag wil sien dat hy iemand met integriteit sal wees.
Maar

WAT IS DIT?
Iemand het die volgende **kort definisie** daarvan gegee: *Integriteit is om goed te wees as niemand jou dophou nie.*
Die woord “integriteit” beteken **letterlik** iets soos “heelheid”. Om integriteit te hê, of om iemand met integriteit te wees, beteken jy is ‘n persoon uit *een stuk*. Jy is *eg en opreg*, *eerlik*. Hoe sê ons? *“What you see, is what you get”*. Jy is nie ‘n *tweegesig* nie. Jy dra nie ‘n *masker* nie. Jy doen jou nie *anders voor* as wat jy is nie (Ananias). Jou *ja* is jou ja en jou *nee* is jou nee. Ander kan op jou *woord staatmaak*. Jy hou jou nie op met *bedrog* nie. Jy laat jou nie *omkoop* nie. Jy het nie *bymotiewe* of ‘n *verborge agenda* nie.

GOEIE EIENSKAP
Dit is **wonderlik** om sulke mense te *ontmoet*. Dit is ‘n voorreg om met hulle *besigheid* te doen. Dit is vir my *as leraar* ‘n vreugde om sulke kerkraadslede en lidmate te hê om mee saam te werk. Mense wat nie Sondae ‘n **mombakkies** dra of wanneer die predikant by is nie! Mense wat hulle *lidmaatgelofte* en huweliksbelofte en doopgelofte ernstig opneem – en wat oor die *algemeen doen* wat hulle belowe en waartoe hulle hul verbind het.

SKAARS EIENSKAP
**Jy wens** die wêreld het *net* uit sulke mense bestaan, of dat daar ten minste *meer* van hulle was. Hoeveel van ons **probleme** het nie met ‘n gebrek aan integriteit te doen nie*! Politici en polisie* wat hulle skuldig maak aan korrupsie bv. *Swendelaars* wat hulle voordoen as barmhartige Samaritane en dan armes en bejaardes uit hul geld kul. *Besigheidsmense* wat hand en mond belowe en nooit hul beloftes nakom nie.
**Die Instituut vir Gedragsmotivering** het in die laat-twintigste eeu bevind dat 97% van alle mense leuens vertel – en dat elkeen van hulle dit omtrent ‘n duisend keer pj doen! Dink bv aan die invul van die *belastingvorm*; die rede hoekom ek by die *werk wegbly*/ hoekom ek laat by die “werk” gebly het; die rede wat ek aangee vir my *spoedoortreding* …
**Dietrich Bonnhoeffer** het al in 1943 in Duitsland geskryf: *“Wat ons vandag nodig het, is nie genieë of opportuniste of sinici of mense wat neersien op ander nie. Ons het eenvoudige mense met integriteit nodig – sober, oop, regop mense wat eerlik leef.”*

WAT DIE BYBEL Sê
Die Bybel, **God,** laat hom baie sterk hieroor uit. Daar is **die gebooie** wat sê *“Jy mag nie steel nie”* en *“Jy mag geen valse getuienis spreek nie”*.. *“eis onverdeelde trou”*.
Ons kyk weer na ons **teksvers**: (vers 23-25). God het sy volk by monde van **Jes** verwyt: *“Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af…”* (29:13) Ons weet hoedat die HJ die **Fariseërs** aangevat het oor hulle *skynheiligheid*. Jesus gebruik die ontstellende *beeld van grafte* wat aan

die buitekant wit gepleister is, maar binne vol doodsbeendere is om hulle mee te beskryf.
In Die Boodskap lui Sy woorde in Matt 23:28 so: *"Grafte laat My aan julle dink. As 'n mens na julle kyk, lyk julle soos engeltjies. Maar as 'n mens 'n bietjie dieper kyk, lyk die prentjie anders: dan sien jy huigelaars en mense wat hulle glad nie aan God se wil steur nie."*
Hulle het 'n **dubbele lewe** gelei. Hulle was nie uit *een stuk* nie, het maw nie integritieit gehad nie. Die Griekse woord vir skynheilig is ***hippokraat*** en dit beteken t*oneelspeler*. Hulle was kastig baie godsdienstig, maar dit was alles 'n toneelspelery. Hulle was 'n klomp *akteurs* wat godsdienstige rolle gespeel het. *"Ellende wag vir julle…"* het Jesus gewaarsku! Daar wag 'n **dag van afrekening** wanneer die gordyn vir die laaste maal sak. Vir Ananias het dit baie skielik gekom!

SITUASIE VANDAG
Kyk ons na die situasie vandag, dan hoor ons **Dr Christiaan Bezuidenhout**, kriminoloog en dosent aan die Univ van Pretoria sê: *"Baie mense sal die verkeerde ding doen as hulle meen hulle gaan daarmee <u>wegkom</u> en dat die keuse vir hulle <u>voordelig</u> sal wees, bv as jy R2 000 uit jou werk se kleinkas kan vat sonder dat iemand ooit sal weet."* Hy sê hoewel alle mense ter wrld inherent die geneigdheid het, kom die verskynsel waarskynlik meermale in SA voor omdat **ons leiers** nie 'n goeie vrbld stel nie en sommige selfs as misdadigers beskou word. *"Mense dink dat as HULLE dit doen, kan ek ook…"*
Baie Suid-Afrikaners handhaaf dus eintlik **dubbele standaarde**: Aan die kant *kritiseer* hulle die regering, maar aan die anderkant maak hulle *hulself ook skuldig* aan onwettige of onetiese gedrag. Onlangse **landwye navorsing** bevestig dit: Terwyl 87% van stedelike volwassenes glo korrupsie is alledaags, erken 18% hulle sal onwettige DVD's of CD's koop, en 38% sal die geld hou as hulle per ongeluk R50 te veel kleingeld kry.
Mense is geneig om die **vinger na ander** te wys, maar as jy *roof DVD's* koop, *uitveërs* van die werk af huis toe neem, ure lange *privaatgesprekke* op 'n werkfoon voer, *gereeld verkeersreëls* oortree en *belasting* ontduik, is jy en ek deel van die probleem.
<u>Sal JY dit doen as jy daarmee kan wegkom</u>? Moenie te gou NEE sê nie. Selfs **Hansie Cronje** het geswig voor die versoeking. Gaan kyk gerus die rolprent oor sy val en opstanding wat pas vrygestel is. Ek het dit gesien en kan dit sterk aanbeveel.

NUWE HART INISIATIEF
Sept is **"Hart maand"** waartydens die welsyn van ons fisiese harte beklemtoon word (eet … drink … leefstyl…)
Die Bybel sê ons word almal met 'n **hartdefek gebore** – geestelik gesproke. Ons harte is van **kleinsaf** *geneig* tot die verkeerde. Ons harte moet verander, nee, *vervang* word. Gelukkig is daar 'n **hartspesialis** wat geestelike harte kan oorplant. Ons lees van Sy bonatuurlike werk in Eseg 36:26: *"Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee. Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee."*
Die **"Nuwe Hart Inisiatief"** is verlede Sondag landwyd geloods. Dit wil mense aanspoor om die *ou manier van lewe* **in te ruil** vir 'n nuwe manier van lewe … om *eerlikheid, medemenslikheid, selfbeheersing en verantwoordelikheid* na te streef as uitdrukking van 'n nuwe gesindheid. Die projek sluit skole, kerke, besighede, plaaslike owerhede en die media in. Onder die s**portmann**e wat hierdie inisiatief

steun, tel mense soos Oscar Pretorius, Jean de Villiers, Andries Bekker, Schalk Burger en Luke Watson, J P Pietersen en Ruan Pienaar.
**Bid** dat hierdie projek goeie vrugte sal oplewer!

BEGIN TUIS
Die **punt om by te begin** is natuurlik **nie** by die President en sy ministers of by enige ander nie, maar by **'n mens self**. Jou hart is op God se hart. Gee Hom *toestemming* om daar te woon en te werk. Wanneer jy die **HJ in jou hart** het, kan jy nie meer gelukkig wees met 'n dubbele lewe nie. Alle vorms van oneerlikheid sal jou **pla**, want Hy is eerlik. Wanneer jy weer in die **versoeking** kom om te bedrieg, akteur te speel, herinner jou daaraan: *"Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my."* (Gal 2:20).

Dit begin ook by **die huis**. Baie van ons is bekommerd oor wat gaan van die **jeug** word. Kom ons maak seker dat ons as ouers en grootouers en volwasse lidmate vir hulle **goeie rolmodelle** is – iemand wat *nie gekoop* kan word nie, wie se *woord sy/haar eer* is, wat *so eerlik* in klein dingetjies is as wat hy in die grotes is, wat *geen kompromie* met die verkeerde aangaan nie, wat *getrou bly* aan sy vriende in goeie en in slegte tye, nie agter hul rug *skinder* nie, nooit skaam of bang is om op te staan vir die *waarheid* nie, al is dit ongewild.
Klink dit 'n bietjie baie gevra?
John Tillotson: *"'n Lewe van integriteit is moeilik, maar dit word makliker met oefening."*
**Susan Cilliers** skryf in Beeld van 15 Julie: *"Albei ouers moet van kleinsaf betrokke wees by die morele opvoeding van hulle kinders. Lei ook deur 'n goeie vrbld te stel: As jy self te vinnig ry of op die selfoon klets terwyl jy bestuur, leer jy jou kind dis moreel aanvaarbaar om wette te oortree. Kinders van veral 6 tot 11 jr kyk wat hul ouers en ander gesagsfigure doen om hul eie morele kode te ontwikkel".*
Die **soort rolmodelle** wat ons nodig het – in die huis, in die klaskamer, sakewrld, politiek, kerk – is mense wat soos **Paulus** kan sê: *"Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg."* (1 Kor 11:1)

SLOT
Volgelinge van Christus is mense met integriteit.

Amen.

Geleentheid vir gebede, veral vir nuwe President en sy kabinet.